TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SA
POSBUS 55549
ARCADIA
0007

JULIE 1994

NUUSBRIEF 3/94

Geagte lid,

Dit het tyd geword dat die laaste nuusbrief vir 1994 sy verskyning maak. Ons sal probeer om dit interessant te maak - dit hang natuurlik af of ons genoeg nuus van ons lede gekry het voor publikasie.

Ek moet dadelik byvoeg dat ons nog GEEN reaksie van ons "plaaslike" lede op ons vorige twee nuusbriewe ten opsigte van nuusbrokkies/advertensies gekry het nie - dit sluit nuus van ander takke uit. Twee of drie lede het reageer op ons "vermiste" lede advertensie - ons kon darem drie "vermiste" lede opspoor.

1. **LEDEGELDE** : Heelwat lede het hul ledegelde vir 1993 en 1994 betaal, maar dan is daar nog 'n hele paar lede wat nog nie van hulle laat hoor het nie. Ons vra weereens GROOT ASSEBLIEF : stuur u ledegelde so spoedig moontlik na bogenoemde adres - dit sal ons taak aan die einde van die jaar soveel makliker maak. Indien u onseker is ten opsigte van u rekening, kan u enige tyd vir my skakel by telefoonnommer 012-713700. U samewerking sal baie waardeer word.

2. **VERMISTE LEDE** : Soos met die vorige nuusbriewe, het die volgende lede se pos teruggekom "Vertrek - adres onbekend". Ons versoek dat indien u miskien weet wat die korrekte adres vir die ondergenoemde lede is, om aan ons te skryf by bg adres, of skakel my by 012-713700 :

   a. Mnr N.J. Nel. Posbus 741, DE AAR 7000
   b. Mnr R.I. Vd Merwe, Bus 9478, Verwoerdpark, ALBERTON 1453
   c. Mnr M.J. Kruger, Hawthornstraat 9, Naudeville, WELKOM 9459

3. **OORLEDE** : Dit is met spyt dat ons die afsterwe van een van ons lede bekend maak :
   Mnr I.P. Steyn, Posbus 150, Hartswater 8570
   Langs hierdie weg dra ons die TBK se meegevoel en simpatie oor aan familie-lede.

4. **NUUSBROKKIES VAN TBK TAKKE** :

   A. **PRETORIA-TAK** : As ons maar net iemand met 'n kristal-bal gehad het, wat vir ons kon voorspel wat die 30ste April sou gebeur, kon ons maar voortgegaan het met die reelings vir die byeenkoms. Maar nouja, niemand kon 'n voorspelling waag nie !!

   Maar dan weer aan die anderkant, as iemand vir ons kon voorspel het dat die opkoms vir die Algemene Jaarvergadering van die tak op die 4de Junie so teleur-stellend sou wees, kon ons dit maar liewer ook uitgestel het. Ons weet nie of dit as gevolg van die 2de rugby toets en/of die koue weer was nie, maar vir die AJV was daar slegs 35 lede teenwoordig, en teen 9.30nm was daar 54 lede.

   Vir die 35 lede wat daar was vir die AJV sê ons baie dankie vir u teenwoordigheid - dit was so al of hierdie lede deel was van 'n "familie" - met ander woorde hulle is maar altyd daar om die klub te ondersteun. Een lid het gesê dat hy van die kerkbasaar af weggebly het net om by die boeremusiek uit te kom !! Indien die ander lede te koud gekry het, het ons die aand net die regte medisyne daarvoor gehad - pragtige tradisionele boeremusiek wat deur die Oudag boere-orkes, Hannes Schoeman en Hugo Radley en hul orkestede verskaf was.

Ons hoop van harte dat hierdie "onbekende verskynsel" net eenmalig was, en dat ons weer na 'n normale opkoms tydens ons volgende byeenkomste op 6 Augustus, 24 September (TBK AJV) en 12 November sal sien. As gevolg van hierdie swak opkoms, het die Pretoria-tak 'n groot VERLIES gely - u moet in gedagte hou dat die saal by Esselen Park ons nou R1.710-00. vir die huur en gebruik van tafels en stoele (vir 700 sitplekke) kos. Dan moet die onkoste vir die braaivure, pap, sous en advertensies nog bygereken word.

Dan kan ons ook seker sê dat as iemand, met 'n kristal-bal, die eindtelling van die rugby kon voorspel, sou die saal sekerlik, soos vantevore, amper stampvol gewees het !!

Tydens die AJV is die volgende lede tot die bestuur van die tak verkies :

i. Mnr T.E. Adams (Tom) : Voorsitter
ii. Mev H. Swart (Tant Henna) : Sekretraresse
iii. Mnr D.S. Labuschagne (Oom Danie)
iv. Mnr S.D. Van Zyl (Stefaan) : Penningmeester
v. Mnr D. Grey (Danie)
vi. Mnr H. Engelbrecht (Oom Hannes)
vii. Mnr J. Visagie (Jan)

Graag wil die tak sy dank uitspreek teenoor Sam Keyter vir sy bydrae as komiteelid die afgelope jaar. Sam moes ongelukkig bedank as gevolg van werksomstandighede. Die tak verwelkom Jan Visagie as komitee lid en hoop dat hy die "deeltydse werk" sal geniet. Die TBK wens die komitee-lede geluk en hoop dat hul inspirasies daartoe sal lei dat die saal met die volgende byeenkomste vol gaan wees.

Aangesien hierdie die laaste nuusbrief vir 1994 is, gee ons die datums vir byeekomste vir die res van die jaar te Esselen Park ontspanningsaal :

a. 6de AUGUSTUS 1994 - BEGIN OM 4NM
b. 24ste SEPTEMBER 1994 - AJV VAN TBK - BEGIN OM 4NM
c. 12 NOVEMBER 1994 - BEGIN OM 4NM

NEEM KENNIS NEEM KENNIS NEEM KENNIS NEEM KENNIS NEEM KENNIS

c. 31ste DESEMBER 1994 - OUJAARSAAND DANS SAL IN DIE BARNARD STADIUM BINNENSHUISE SPORTSAAL IN KEMPTONPARK DEUR DIE OUDAG BOERE-ORKES AANGEBIED WORD.

Terwyl ons by Esselen Park is : neem ASB kennis van die volgende "veranderings" wat die TBK (hoofsaaklik die Pretoria-tak) moes aanvaar om die probleem wat met Esselen Park saamgaan, te probeer oplos. Ons hoop van harte dat ons lede, en nie-lede, hul samewerking sal gee en dan wil ons tog ook net vra dat u ASB begrip moet hê vir die probleem. Dit gaan (weereens) oor die feit dat Esselen Park ontspanningsaal 'n drank lisensie besit, en ons weet tog seker noual wat dit beteken. Na vele samesprekings, vergaderings tussen die bestuur van Esselen park en die Pretoria-tak, het ons tot die volgende vergelyk gekom : DIE TBK SAL DIE KONTANT-KROEG AANBIED en sal dan ook as die TBK KONTANT-KROEG bekend staan en drank sal deur Esselen Park voorsien word. Ongelukkig kon ons nie drank teen "rock-bottom" pryse bekom nie, MAAR ons sal in staat wees om drank teen 'n heelwat laer prys (as wat die saal se bestuur dit aanbied) vir ons lede kan aanbied. Met goedkeuring van die saal se bestuur, kan ons die volgende pryse voorlopig gee - daar mag 'n sent of twee verskil wees, maar seersekerlik nie 20c nie : (Let wel harde-hout se pryse is per MINIATUUR BOTTEL - 50mL) Brandewyn R2,75/50mL, Whiskey en Rum R4.25/50mL, Cane R2.60/50mL, Vodka en Gin R3,25/50mL wit wyn, rooi wyn, semi-soet en droë wyne R6,10/340mL bottel, koeldranke R2,10/340 mL of R1.10/200 mL. Bier R2,10. U sal opmerk dat die pryse "ongewoon" is, bv R2,10c - ons het die pryse met 'n maksimum van 20c aangepas (party minder) om die kroegmanne vir die aand te betaal.

Ons is NIE ingestel om winste, sover dit drank-verkope (of die TBK byeenkomte) betref, te maak nie. Hiermee wil ons u goeie samewerking vra, asook om die TBK se kontant kroeg goed te ondersteun. As ons Esselen park ontspanningsaal moet prysgee as gevolg van die drank lisensie se maggies en moenies, glo ons nie dat ons weer gou so 'n groot saal, al die fasiliteite en ligging sal kry nie.
Ons hoop dat hierdie reeling (en die prys) u goedkeuring sal wegdra en dat ons u ondersteuning, wat ons so nodig het om die byeenkoms aan te bied, sal kry. Baie dankie vir u samewerking - ons waardeer dit.

B. VAALHARTS-TAK (HARTSWATER) : Mev Jones (Kokkie) berig dat die tak se byeenkoms op 26 Maart baie suksesvol was, asook die byeenkoms op 3 Junie. Tydens die tak se byeenkoms op 26 Maart is die volgende lede tot die bestuur van die tak gekies :

i. Mnr B.J. Bester (Oom Ben) : Voorsitter
ii. Mev J.L. Jones (Kokkie) : Sekretaresse
iii. Mnr A.D. Van Wyk (Dries)
iv. Mnr A.H. Joubert (Andries)
v. Mnr C.J. Vertue (John)
vi. Mnr A.B. Enslin (At)

Die TBK wens hulle geluk en hoop dat TBM tot groot hoogtes deur hulle gelei sal word. Die tak se byeenkomste vir die res van die jaar is soos volg :

i. **3de SEPTEMBER : PERSEEL 3.H.15 (STOOR VAN G. BOTHMA)**
ii. **28ste OKTOBER : ROLBALSAAL HARTSWATER.**

C. BLOEMFONTEIN-TAK : Neels Botha berig dat dit baie goed gaan met die tak. Tydens die tak se AJV op 18 Februarie is die volgende lede tot die bestuur van die tak verkies :

i. Mnr Neels Botha : Voorsitter (Tel nr 051-333298)
ii. Mnr Fred Nelson : Onder-voorsitter
iii. Mev Mariaan Botha : Sekretaresse
iv. Mev Esther Nelson : Tesouriere
v. Mnr Frans van Straten
vi. Mnr Dave Meintjies
vii. Mnr Callie van der Merwe.

Die TBK wens hulle ook geluk en hoop dat TBM ook hier koning sal kraai.

Neels berig dat tydens die tak se byeekoms, wat ook 'n reuse sukses was, het hulle daarin geslaag om die elektriese baskitaar "uit te roei" en dat hulle nou vir die eerste kan spog met 'n tradisionele boere-orkes, nl DIE BLOEMFONTEINSE TRADISIONELE BOERE-ORKES onder leiding van Jimmy McDonald en sy seuns. Melding word ook gemaak van die pragtige musiek wat deur die McDonald en Wessels seuns gespeel was. Daar was groot waardering vir die pragtige musiek wat Oom Willie Bauscher saam met die Oudag boere-orkes gemaak het.

Die tak bedank al die ondersteuners van die byeenkoms, wat tot die laaste gebly het en bygedra het tot die groot sukses.

Die tak beplan 'n byeenkoms op die 20ste Augustus, wat in die Stadsaal te Bloemfontein gehou sal word. Volgens Neels gaan dit 'n groot verrassing inhou en vra dat lede die koerant moet dophou en gereeld na Jasper Vlok se program van tradisionele boeremusiek op Donderdagaande om 19H30 (7.30NM) op FM 100.6 te luister.

Die tak se byeenkomste vir die res van die jaar is soos volg :

i. **20 AUGUSTUS - BLOEMFONTEIN STADSAAL**
ii. **15 OKTOBER - POSDUIFSAAL.**

C. PIETERSBURG-TAK : Tydens die tak se AJV op 16de April is die volgende lede tot die bestuur van die tak verkies :

i. Mnr P.J. Bester (Oom Piet) : Voorsitter
ii. Mev A. Pietersen (Sekretaresse)
iii. Mnr C. Stouman (Penningmeester)
iv. Mev I. Dercksen
v. Mev W. Bothma
vi. Mnr S. Visser
vii. Mnr D. Dercksen (geko-opteer)

Die TBK wens die lede ook geluk met hul verkiesing en ons sien uit daarna dat hulle hard sal saam werk om TBM tot groot hoogtes te voer. Die tak se byeenkomste vir die res van die jaar is soos volg :

i. 3de **SEPTEMBER**
ii. 5de **NOVEMBER**

D. WESRAND-TAK (KRUGERSDORP) : Tydens die tak se AJV op die 12de Mei 1994, is die volgende lede tot die bestuur van die tak verkies :

i. Mnr B. Low (Oom Ben) : Voorsitter
ii. Mev E. Low (Sekretaresse)
iii. Mnr B. Van Zyl (Boetie)
iv. Mnr A. Swanepoel (Dries)
v. Mnr P. Snyman (Flip)
vi. Mnr P. DeJager (Piet)
vii. Mnr G. Jooste (Gert)

Die TBK wens hulle ook geluk en hoop dat die tak (die jongste) ook nog tot hoogtes gelei sal word. Die tak se byeenkomste vir die res van die jaar is soos volg :

i. 27 **AUGUSTUS**
ii. 3 **DESEMBER**

Tydens die tak se byeenkoms in Randfontein op die 2de Julie, het Jasper Vlok, hoof voorsitter van die TBK, drie nuwe langspeel plate van die TBK bekend gestel (sien paragraag 5.D.) en plate aan Oom Willie Bauscher en Oom Piet Botes, asook die orkeslede, oorhandig. Pragtige musiek is deur Oom Boet Steyn, Oom Jan van Rooyen, Oom Piet Botes, die Oudag boere-orkes en die Snyman gesin opgedis. Gert Jooste, bygestaan deur Boetie van Zyl, het ook pragtige kitaar-piek bydraes gelewer. Alhoewel dit maar aan die kouerige kant was, het die mense hulself geniet - Peet van Staden het, soos gewoonlik, sy handdoek byderhand gehad en het teen 9nm 'n droë hemp gaan aantrek, maar was lank voor middernag ook al sopnat gesweet !

5. ALGEMENE JAARVERGADERING : KENNISGEWING GESKIED HIERMEE TOV DIE TBK VAN SA SE A J V TE ESSELEN PARK ONTSPANNINGSAAL ESSELEN PARK, OP SATERDAG, 24 SEPTEMBER 1994 OM 16H00 (4NM) :

Agenda :
a. Opening en verwelkoming
b. Notules van die vorige AJV (hierby aangeheg)
c. Finansiele verslag
d. Jaarverslag deur die voorsitter van die TBK
e. Verslae deur tak-voorsitters
f. Algemeen
g. Afsluiting.

Indien daar lede is wat nie die AJV kan bywoon nie, maar tog 'n vraag of voorstel wil rig, word vriendelik versoek om dit ASB so gou as moontlik, en skriftelik, aan die Sekretaris (by bogenoemde adres) te stuur.

6. ALGEMEEN :

A. SKENKING : Die TBK wil hiermee weereens vir Willie en Roelien Vos, Kewweg 14, Valhalla hartlik bedank vir die 3,000 toegangskaartjies wat hulle vir die klub gedruk en geskenk het. Ons waardeer dit baie en word baie hoog op prys gestel.

Indien enige lid, plaaslik, drukwerk wil laat doen, kan u gerus vir Willie of Roelien by telefoon nommer 012-714882 skakel.

B. SKADE : Dit wil voorkom of sommige van die TBK lede gereeld deur een of ander ongelukkevoel getref word. As dit nie beserings, operasies of motor ongelukke is nie, dan is dit diefstal. Dr Ed Retief is die volgende lid van die TBK (waarvan ons te hore gekom het) wat groot skade gelei het toe daar onlangs by sy huis ingebreek was. Dok het laat bleik dat dit 'n "inside job" was - definitief nie deur sy hande gereel of goedgekeur nie !!

C. TELEFOONNOMMER : Neem asb kennis dat Stefaan van Zyl se telefoon nommer verander het - sy nuwe nommer is 012 - 3436876 na ure.

D. NUWE PLATE : Die volgende nuwe plate is by Mev Gerda Du Plessis, Posbus 13556, SINOVILLE 0129 (Tel nr 012-5480956) beskikbaar :

i. Oom Willie Bauscher
ii. Kruinstad Boere-orkes (Oom Piet Botes)
iii. Dawid de Lange Vol 2

Prys : Plate R45-00 Kassette R40-00

E. NEK-PROBLEME : Hiermee terugvoering ten opsigte van die nek-probleme van Danie Labuschagne, Stefaan van Zyl en Danie Grey (lede van die Oudag Boere-orkes) : Stefaan se probleme bleik opgelos te wees na die operasie. Danie Labuschagne was van die 6de tot 10de Junie weer in die hospitaal opgeneem vir terapie. Volgens hom het die verpleegsters hulself baie goed van hul taak gekwyt! Danie Grey is op die oog af goed daaraan toe.

F. VERLORE/GEVIND : Na afloop van die Pretoria-tak se byeenkoms op 4 Juie, was Danie Labuschagne 'n baie bekommerde man! Hy het 'n oorbel in sy sak gevind (sonder 'n boodskap) en hy natuurlik nie geweet waar om die eienaar te soek nie ! Intussen het Gerda du Plessis navraag gedoen oor die oorbel en Danie het ewe gedwee die oorbel oorhandig!

G. S.A. VLOOTLEDE : Indien enige TBK lid weet van enige iemand wat 'n lid van die S.A. Vloot was en tans woonagtig is in die PWV, Noord-Transvaal, Oos-Transvaal, Noord-Kaap of Kwa-Zulu/Natal (binnelands) gebiede, kan u ASB vir Tom Adams, Bruarfossweg 80, VALHALLA 0185 laat weet. Dit maak nie saak wat die ex-lid se rang was nie. Ek sal dit baie waardeer.

H. KOMPAK-SKYWE (CD'S) : Volgens Danie Labuschagne en Stefaan van Zyl was daar 'n paar navrae ten opsigte van TBM op CD's. Op hierdie stadium van die geveg is dit 'n baie duur transaksie. Net om vir u 'n idee te gee van die onkoste : om EEN CD te laat maak, waarvan die minimum bestelling 300 moet wees, sal die klub R5,100-00 uit die sak jaag. Dan weet ons nie of daar soveel belangstelling vir CD's is nie. Kom ons wag nog so 'n jaar en kyk wat gaan gebeur - veral met die moderne tegnologie wat elke dag verander.

I. BYEENKOMSTE VIR 1995 (PRETORIA-TAK) :

Tydens die tak se komitee vergadering op 17 Junie 1994, is daar besluit om byeen-komste gedurende 1995 op die volgende datums te hou :

i. 4 Februarie
ii. 29 Mei
iii. 3 Junie (AJV van die Pretoria-tak)
iv. 5 Augustus
v. 23 September (AJV van die TBK)
vi. 11 November
vii. Oujaarsdans aangebied deur die Oudag Boere-orkes - hou maar die nuusbriewe vir 1995 dop vir finale datum.

Soos u sal oplet, het ons NIE die plek vir bogenoemde funksies aangedui nie. Ons sal 'n finale besluit neem na die volgende twee byeenkomste (6 Augustus en 24 September). AS alles goed afgeloop het en ons is tevrede met die TBK KONTANT-KROEG reelinga, kan bg funksies wel weer by Eaelen Park aangebied word. Hou maar ons volgende nuusbrief dop.

J. KONSERTINA TE KOOP : Stefaan van Zyl het 'n 3-ry Wheatstone konsertina, met been klawers, wat opgedoen is deur Oom Hannes Viljoen, wat hy wil verkoop. Prys R1400-00. Stefaan se telefoonnommer is 012-3436876 na ure.

K. OORSESE LEDE : Ons het drie pragtige briewe van ons twee oorsese lede gekry - Dr Johan Greeff (van Katanning, Wes Australie) het twee briewe gestuur en Mnr Elbie DeKock van Vancouver, Kanada het ook van hom laat hoor. Dr Johan sê dat as die heimwee hom beetkry, dan maak hy homself in sy kamer toe en speel sy boeremusiek totdat hy weer soos 'n mens voel! Sy TBM gaan ook oral saam met hom net waar hy ry. Johan, as ons 'n voorstel kan maak, reel 'n byeenkoms en speel TBM, dan kan julle mos vir die mense daar wys hoe die ding gedoen moet word ! Baie dankie vir jou pragtige briewe, Johan, ons waardeer dit. Ons het die briewe vir Dr Ed Retief gegee om meer van die musiek agtergrond van Australië in die Opskommel te plaas.

Elbie De Kock skryf : "Ek het as kind, voor die dae van TV, myself baie ure lank vermaak met die speel van die ou 78-spoed glasplate. Onder hulle was plate van Dawid de Lange, die Baanbrekers, Silwer de Lange en Vier Transvalers. Die musiek het iets in my geroer en in die Engelse stad, Oos Londen, waar ons gebly het, het dit vir my 'n wêreld geword waar ek as Afrikander-kind so tuis gevoel het. Al daardie ou plate is nou weg en was dit nie vir die TBK nie, was dit miskien vir altyd verlore. Ek sien my TBK bande soos daardie ou plate, ou stukke kostbaarhede wat nuwe lewe gekry het. Lank lewe die TBK."

Baie dankie vir die pragtige woorde, Elbie - dit is 'n dik riem onder die hart, veral vir Danie Labuschagne wat so baie doen om hierdie pragtige ou opnames weer 'n nuwe "lewe" te laat sien. Ons is saam met jou bly dat jy darem nou weer 'n glasie KWV Roodeberg kan skink en "die aarde van Suid Afrika in adem" - kaas dit en geniet dit !!

Nou sien ons nog net uit na 'n lekker geselsbrief van Mnr J.S. Smith van Pakuranga, Auckland New Zealand, dan het ons van al ons oorsese lede gehoor. Dit kan wees dat Mnr Smith saam met die Springbokke "op toer" is, dus het hy nog nie tyd gehad om van hom te laat hoor nie ! !

Dit bewys darem nou een ding : as ons briewe van ons lede kry, dan word die nuusbrief sommer ook baie dikker - hoe lyk dit met ons "plaaslike" lede ??

L. BYEENKOMS TE VANDERBIJLPARK : Die byeenkoms wat Peet van Staden vir die 9de Julie in die Olimpians saal beplan het, was baie suksesvol sover dit TBM betref. Ek het die voorreg gehad om dit by te woon en ek glo dat een en 'n inkelte persoon wat daar was, dit terdeë geniet het. Alhoewel die koue ook hier teenwoordig was, het dit geen afbreuk gedoen aan die gees wat daar geheers het nie. Almal het die pragtige musiek van Oom Boet Steyn en sy seuns, Oom Jan van Rooyen, die Oudag orkes, Callie Vd Merwe se vioolspel en die plaaslike orkes, Verkeersknoop (of is die SPIETKOPS ??) geniet. Jasper Vlok het al die pad van Bloemfontein gekom om die aand se verrigtinge te open.

Ons glo dat die mense van VdBylpark en Vereeniging omgewing, wat daar was, die TBM boodskap sal versprei en dat die volgende byeenkoms, wat vir **1 OKTOBER 1994** in die **OLIMPIANSAAL** beplan word, 'n nog groter sukses sal wees. Dit wil voorkom of die TBK se 6de tak hier in wording is !! Op hierdie stadium sal die Oudag en die Kruinstad Boere-orkeste, en 'n plaaslike orkes, weer daar wees.

M. "PLAASLIKE POS" : Praat 'n mens van die duiwel dan trap jy sy stert raak ! Ons het 'n lekker geselsbrief van Oom George Frost van Vlaeberg (Kaapstad) ontvang. Oom George vertel dat hulle Dawid de Lange se plate amper 60 jaar gelede op partytjies reg deur die nag gespeel het, en dan nog pak ook gekry het omdat hulle so vroeg die oggend by die huis aangekom het ! Oom George, een ding was darem seker, Oom het seker meer as een keer pak gekry, of hoe ?

Oom George waardeer ook die nuusbrief baie en beskou dit as 'n baie welkom byvoegsel vir die klub. Baie dankie vir u skrywe, Oom George.

N. ADRES ETIKETTE : Ons vra byvoorbaat om verskoning vir die swak gehalte van sekere adres etikette wat vir hierdie nuusbrief gebruik was. Dit is te wyte aan 'n tegniese probleem met die drukker.

O. NUUSFLITS - GROOT VERLIES : Na afloop van die byeenkoms te Van der Bijlpark op die 9de Julie 1994, het die klankmenger konsole (sound mixer console) van die Pretoria-tak net spoorloos verdwyn. Beskrywing : RCS series Mixing console Model RCS-1202. Indien iemand enige kennis dra van die konsole, skakel asb dringend een van die volgende persone : Danie Labuschagne 012-3792904, Stefaan van Zyl 012-3436876, Peet van Staden 016-812605 of Tom Adams 012-3173275 (W) 012-713700 (H). U hoef uself nie te identifiseer nie - net inligting word benodig. Hierdie is 'n groot verlies vir die tak, en die TBK wat ons 'n hele paar rand sal terugsit.

So kom ons dan aan die einde van die laaste nuusbrief vir 1994, wat op so 'n slegte noot moes eindig . Ons vertrou dat u die inligting/nuusbrokkies en advertensies interessant gevind het. Maak maar aantekenings van die takke se byeenkomste vir die res van die jaar.

Met beste wense en TBM groetnis.

Adams

(T.E. ADAMS (TOM) : VOORSITTER : PRETORIA-TAK VAN DIE TBK)

NOTULES VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE T B K VAN S.A. GEHOU TE ESSELEN PARK ONTSPANNINGSAAL OP 30 OKTOBER 1993

1. Skriflesing en gebed deur J. Vlok.

2. Opening en verwelkoming : 'n Kworum is teenwoordig en voorsitter verklaar vergadering ge-open om 15H25.

3. Kennisgewing en agenda van die vergadering het in Nuusbrief 3/94 verskyn.

4. Notule van die vorige AJV word algemeen aanvaar en goedgekeur.

5. 'n Oomblik van stilte vir ontslape lede word gehou.

6. Bedankings : Spoornet, die media en alle helpers word bedank vir insette gelewer.

7. Spesiale toekennings : Oom Willie Bauscher ontvang ere-lidmaatskap en Mev Wilma Bothma van Pietersburg ontvang die Hannes Schoeman wissel-trofee vir voortreflike diens aan die TBK.

8. Jaarverslae word gelewer deur die voorsitters van die volgende takke : Pretoria, Pietersburg, Wesrand, Bloemfontein en Vaalharts.

9. Penningmeester, Jasper Vlok, lewer finansieele verslag. Oom Ben Bester stel voor dat die verslag aanvaar word - dit word gesekondeer deur Sam Keyter.

10. Dr Ed Retief lewer sy voorsittersverslag in word bedank deur Jasper Vlok.

11. Algemeen :
    a. Die besluit word geneem dat jaarlikse ledegelde voorlopig R20 sal bly.

    b. Mev Dercksen van Pietersburg doen navraag aangaande verjaardag kaartjies. Dit word beantwoord deur Tom Adams.

    c. Verkiesing van ampsdraers :
        i. Verkiesing van voorsitter : Dr Ed Retief stel hom nie weer beskikbaar nie, en Jasper Vlok word as voorsitter verkies.
        ii. Verkiesing van komiteelede : Die volgende word verkies :
            Onder-voorsitter : Sam Keyter
            Penningmeester : Fred Nelson
            Sekretaris : Stefaan van Zyl
            Addisionele lede : Danie Labuschagne
            Danie Grey
            Kobie Harmse
            Ben Snyman

12. Daar was geen verdere punte vir bespreking nie, en die vergadering verdaag om 16H30.